



**INFRASTRUKTUURDIENSTE**

**EKSTERNE HER-ADVERTENSIE**

**INFRASTRUKTUUR DIENSTE**

**INFRASTRUCTURE SERVICES**

**EXTERNAL RE- ADVERTISEMENT**

**INFRASTRUCTURE SERVICES**

**BESTUURDER: ELEKTRO-MEGANIESE DIENSTE IS102  
BREDASDORP**

**Doel van Pos:** Verseker die voorsiening van die volgende kernfunksies om verantwoordbare, volhoubare en effektiewe elektro-tegniese dienste te verseker in ooreenstemming met die GOP, relevante wetgewing, beleide, riglyne, meesterplanne, Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk en strategiese bestuurspraktyke:

- Verspreiding van elektrisiteit
- Instandhouding van elektrisiteitsverspreidingsnetwerke
- Instandhouding van straatligte
- Derdepartykontraktering: Meting ens.

**Vereistes:**

- 'n Toepaslike B.Ing of BSc (Ing) of BTech Ingenieursgraad en geskiktheid vir registrasie as Pr Eng; (NQF Level 7)
- Plus, 'n GCC of Pr Cert Eng
- Rekenaargeletterdheid: MS Office
- 5-8 jaar of meer relevante ondervinding

**Aanbeveling:**

- Kode B bestuurderslisensie
- Bevoegdheid in ten minste twee (2) van die amptelike tale van die Wes-Kaap (Afrikaans/Engels/Xhosa — lees, skryf en praat)
- Goeie bestuur, menslike verhoudinge en kommunikasie vaardighede
- Vermoë om aandag aan detail te gee
- Hoë vlak van verantwoordelikheid
- Vermoë om onder druk te werk
- Konflikhantering en onderhandelingsvaardighede
- Moet fisies fiks en bekwaam wees
- Moet bystanddiens verrig
- Moet take verrig in enige area van die munisipaliteit
- Moet voldoen aan die betrokke minimum vaardigheidsvlakke soos voorgeskryf deur Staatskoerant 29967 gedateer 15 Junie 2007, soos gewysig, (of verkryging van die minimum vaardighede binne 'n tydperk van 18 maande na datum van aanstelling).

**MANAGER ELECTRO-MECHANICAL SERVICES IS102  
BREDASDORP**

**Job Purpose:** Ensure the provisioning of the following core functions to ensure accountable, sustainable and effective electro-technical services in line with the IDP, relevant legislation, policies, guidelines, master plans, Spatial Development Framework and strategic management practices:

- Distribution of electricity
- Maintenance of electricity distribution networks
- Maintenance of streetlights
- Third party contracting: Metering etc

**Requirements:**

- A relevant BEng or BSc (Eng) or BTech engineering degree and eligibility for registration as Pr Eng; (NQF Level 7)
- Plus, a GCC or Pr Cert Eng
- Computer Literacy: MS Office
- 5-8 years or more relevant experience

**Recommendations:**

- Code B Driver's license
- Proficiency in at least 2 of the official languages of the Western Cape (Afrikaans/English/isiXhosa - read, write & speak)
- Good management, supervision, human relations, interpersonal and communication skills
- Ability to give attention to detail
- High level of responsibility
- Ability to work under pressure
- Ability to deal with conflict situations
- Must be physically fit and able bodied
- Must perform standby duties
- Must perform tasks in any area of the municipality
- Compliance with the relevant Minimum Competency levels as prescribed in Government Gazette 29967 dated 15 June 2007 as amended (or attainment of the minimum competencies within a period of 18 months from date of appointment)

**Funksies:**

- Visualiseer, beplan, bestuur, organiseer, analiseer en beheer die deurlopende voorsiening van elektro-tegniese en ondersteuningsdienste om diensuitnemendheid aan die munisipaliteit en/of sy gemeenskap te bevorder
- Neem deel, pas toe en beheer finansiële bestuursprosesse om gesonde finansiële bestuurspraktyke en prosedures te verseker en te bevorder
- Neem deel en dra by tot die korporatiewe prestasiebestuurstelsel (PMS), om te verseker dat die Departement presteer volgens standarde en verwagtinge
- Neem deel en dra by tot die munisipaliteit se GOP-prosesse om belyning van die departement se KPI's en die behoeftes van die gemeenskap te verseker
- Verseker konsekwente nakoming van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewing, sowel as munisipale beleide van toepassing op of wat dienslewering raak
- Bestuur en oefen beheer uit oor werknemers wat aan die departement toegewys is om 'n kultuur van behoorlike dienslewering te bevorder
- Neem deel aan die korporatiewe risiko bestuursproses om risiko's binne die Departement te minimaliseer/vermy
- Bestuur van elektriese ingenieursverwante diensleweringe wat deur of namens die departement onderneem word, insluitend elektrisiteits voorsiening, straatbeligting en elektriese pompinstandhouding om behoorlike dienslewering te bevorder
- Inligting- en kennisbestuur
- Batebestuur
- Program- en projekbestuur
- Verseker funksionele vloot
- Kommunikasie en publieke deelname diens
- Kliënteverhoudingsbestuur
- Neem waar as Direkteur Infrastruktuurdienste in sy/haar afwesigheid op 'n rotasiebasis en vervul die verantwoordelikhede wat aan die pos opgedra is vir die duur van die waarneming
- Enige ander verwante pligte soos versoek deur die Direkteur of Munisipale Bestuurder

**Vergoeding: T17**

(R 748 485.60 - R 971 606.40) Per jaar, plus vervoertoelaag en normale byvoordele

**Pos navrae: Mnr Hendrik Krohn**

Tel: 028 425 5500

**Functions:**

- Strategically visualize, plan, manage, organize, analyse and control the continuous provision of electro-technical and support services to promote service excellence to the municipality and/ or its community
- Participate, apply and control financial management processes to ensure and promote sound financial management practices and procedures
- Participate and contribute in the corporate performance management system (PMS), to ensure that the Department performs up to standards and expectations
- Participate and contribute in the municipality's IDP processes to ensure alignment of the department's KPI's and the needs of the community
- Ensure consistent compliance with national, provincial and municipal legislation as well as municipal policies applicable to or affecting the department/ service delivery
- Manage and exercise control over employees assigned to the department to promote a culture of proper service delivery
- Participate in the corporate risk management process to minimize/ avoid risks within the Department
- Managing electro-technical related service delivery activities undertaken by or on behalf of the department including electricity supply, street lighting and electrical pump maintenance to promote proper service delivery
- Information and knowledge management
- Asset management
- Program and project management
- Ensure functional fleet
- Communication and civic engagement
- Customer relations management
- Act as Director Infrastructure Services in his/ her absence on a rotation basis and discharge the responsibilities assigned to the post for the duration of the acting
- Any other related duty as requested by the Director/Municipal Manager

**Remuneration: T17**

(R 748 485.60- R 971 606.40) Per annum, plus a motor scheme allowance and normal fringe benefits

**Job enquiries: Mr Hendrik Krohn**

Tel: 028 425 5500

**SLUITINGS DATUM: / CLOSING DATE: 07 FEBRUARIE 2025/ 07 FEBRUARY 2025**

Aanzoekers moet 'n formele aansoekvorm en 'n omvattende CV, gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies, identiteitsdokument en bestuurslisensie indien. Aansoeke moet elektronies as een PDF-dokument ingedien word by [info@capeagulhas.gov.za](mailto:info@capeagulhas.gov.za) of ingehandig word by **ONTVANGS, OU NEDBANK-GEBOU**. Aansoekvorms kan verkry word vanaf die Munisipale webwerf, [www.capeagulhas.gov.za](http://www.capeagulhas.gov.za) of by **ONTVANGS, OU NEDBANK-GEBOU**.

**Aansoeke wat na die sluitingsdatum deur die menslikehulpbronkantoor ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Indien u nie binne 3 maande na die sluitingsdatum van ons hoor nie, beskou asseblief u aansoek as onsuksesvol. Geen aansoekvorms, CV's en/of kwalifikasies kan van die munisipaliteit teruggeëis word nie. Die Raad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.**

Applicants must submit a formal application form and a comprehensive CV, certified copies of qualifications, identity document and driver's licence. Applications must be submitted electronically as one PDF document to [info@capeagulhas.gov.za](mailto:info@capeagulhas.gov.za) or handed in at **RECEPTION, OLD NEDBANK BUILDING**. Application forms can be obtained from the Municipal website, [www.capeagulhas.gov.za](http://www.capeagulhas.gov.za) or at **RECEPTION, OLD NEDBANK BUILDING**.

**Applications received after the closing date by the human resources office will not be considered. Should you not hear from us within 3 months of the closing date, kindly regard your application as being unsuccessful. No application forms, CV's and / or qualifications can be reclaimed from the municipality. The Council reserves the right not to make any appointment.**

**KAM word gelei deur die beginsels van billike indiensneming. Gestremde kandidate word aangemoedig om aansoek te doen en 'n aanduiding in hierdie verband sal waardeer word.**

**CAM is guided by the principles of Employment Equity. Disabled candidates are encouraged to apply and an indication in this regard would be appreciated.**

**EBEN PHILLIPS, MUNICIPAL MANAGER, CAPE AGULHAS MUNICIPALITY, P.O.BOX 51, BREDASDORP, 7280**